

## Wat Gebeur Wanneer U Sterf?

Elke keer wanneer ons 'n begrafnis bywoon, word ons daaraan herinner dat ons ook eendag gaan sterf. Dit laat die vraag ontstaan Waar is my geliefde nou? Waarheen gaan mense wanneer hulle sterf? En vir elkeen van ons is die belangrikste vraag Waarheen sal ek gaan wanneer ek sterf?

Die wêreld se onderskeie godsdienste gee verskillende antwoorde op hierdie vraag. Sommige sê dat indien jy reg gedoen het, jy hemel toe gaan, en indien jy verkeerd gedoen het, gaan jy hel toe. Andere sê dat jy terugkeer om in 'n ander liggaam te leef – 'n idee wat "reïnkarnasie" genoem word. Nog andere sê dat die dood 'n onbewuste toestand van slaap is waaruit God mense sal opwek by die wederkoms van Christus. Mense wat nie in God glo nie, beweer dat die dood 'n ewige slaap is waaruit niemand ooit weer sal wakker word nie.

### Hoe was ons gemaak

Om ons vraag te beantwoord, moet ons eerstens vra Is mense basies onsterflike geeste wat in sterflike liggame omhul is? Indien wel, dan gaan die individu voort met 'n

bewuste bestaan op 'n ander vlak wanneer die liggaam sterf. Dit is die siening van diegene wat glo dat by die dood 'n persoon onmiddellik óf na die hemel óf na die hel, of die vaevuur gaan, of gereïnkarnear word.

Aan die ander kant, indien mense hoofsaaklik fisiese wesens is waarin 'n lewenskrag deur God ingeplant is, dan word hierdie lewenskrag by die dood uitgeblus soortgelyk aan die lig wat uit 'n gloeilamp gaan wanneer die skakelaar afgeskakel word. Hierdie siening word gehuldig deur diegene wat glo dat die dood 'n slaap is, tydelik of permanent.

Watter siening is dus reg? Ons kan begin om hierdie vraag te beantwoord deur te kyk na hoe God die mens in die eerste plek gemaak het. In die beskrywing van die skepping van Adam sê die Bybel, "En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."<sup>1</sup> Die meeste mense glo dat die siel en die liggaam twee aparte dinge is. Die Bybel sê egter dat die siel die liggaam insluit (die stof van die grond). Ons kan dit soos volg skets:

### Liggaam + Asem van die Lewe = Siel

Indien die liggaam en die siel apart is, dan kan die siel miskien apart van die liggaam bestaan. Indien die siel egter die liggaam insluit, dan kan dit onmoontlik apart van die liggaam bestaan. Volgens die Bybel, is dit inderdaad wat gebeur: "die siel wat sondig, dié moet sterwe."<sup>2</sup>

Hierdie kombinasie van liggaam en asem word by die dood opgebreek. Die liggaam en die asem van die lewe word geskei: "En die stof na die aarde terugkeer soos dit geewe het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het."<sup>3</sup>

Beteken dit dat die gees wat na God terugkeer by sy volle bewussyn is? Nee; die Bybel sê dat "die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie."<sup>4</sup>

### Lewe na die dood

Indien die dooies nie by hulle volle bewussyn is nie, kan ons enige versekering hê dat ons weer sal lewe nadat ons sterwe?

Beslis! Die Bybel sê dat "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."<sup>5</sup>

## U Hoef Nie Bang Te Wees Vir Die Dood Nie

Ons is almal bang om dood te gaan. Dit is normaal. Gelukkig bied die Bybel 'n manier om die dood vry te spring. Jesus het die dood oorwin deur eers Self te sterf en toe uit die dood op te staan. En nou bied Hy aan elke mens die hoop van nimmereindigende lewe na die graf. Die vraag is, Hoe kan ons toegang verkry tot hierdie ewige lewe?

Die Bybel beantwoord daardie vraag baie eenvoudig: "Hy wat die Seun [Jesus] het, het die lewe."<sup>1</sup> Op 'n ander plek sê die Bybel "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word."<sup>2</sup> Jesus is dus die bron van ons ewige lewe en ons verkry dit deur in Hom te glo.

Die Bybel bedoel egter nie dat ons in Jesus moet glo slegs as 'n geskiedkundige persoon nie. Dit beteken dat ons Hom met ons lewe moet vertrou. En dit is moeilik om te doen wanneer ons die dood in die gesig staar. Dit is egter in daardie einste situasie wanneer ons die meeste die hoop op lewe na die graf wat Jesus bied, nodig het.

Waarom begin u nie vandag om Hom met u lewe te vertrou nie?

<sup>1</sup> Joh. 5:12. <sup>2</sup> Hand. 16:31.

Hoe eenvoudig! Deur op Jesus te vertrou, ons geloof in Hom te plaas, kan ons die ewige lewe hê! Johannes, een van Jesus se dissipels, het eenkeer gesê dat “hy wat die Seun het, het die lewe.”<sup>6</sup>

Die Bybel gaan aan om te verduidelik dat wanneer Jesus die tweede keer kom Hy Sy volk van al die eeue sal opwek uit hulle grafte en weer vir hulle lewe sal gee. “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.”<sup>7</sup> Die eerste ding wat gaan gebeur wanneer Jesus na hierdie aarde terugkeer, is die opwekking van al Sy getroue volgelinge! Die Bybel gaan aan om te sê dat “daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.”<sup>8</sup>

Wat ‘n wonderlike belofte!

Waar is u vriende en geliefdes dan wanneer hulle sterf? Waar gaan u wees wanneer u sterf? Die antwoord is baie eenvoudig: aan die slaap, onbewus van alles – maar slegs tot Jesus kom. Die Bybel sê dat op daardie tyd “sal die wat in Christus gesterf het eerste opstaan.”<sup>9</sup>

Wanneer u volgende keer ‘n begrafnis bywoon, kan u bly wees want indien u vriend of geliefde gesterf het en Jesus as ‘n Vriend geken het, dan sal hy of sy weer lewe. U kan ook seker wees dat indien u Hom as ‘n Vriend ken, u ook die ewigheid saam met Hom in Sy koninkryk sal deurbring, selfs al sterf u voordat Hy kom.

Die werklike vraag dan is of u Jesus as ‘n Vriend ken. Indien u Hom nog nie in u lewe aanvaar het nie, waarom doen u dit nie nou nie?

---

<sup>1</sup> Genesis 2:7. <sup>2</sup> Esegïël 18:4.

<sup>3</sup> Prediker 12:7. <sup>4</sup> Prediker 9:5.

<sup>5</sup> Johannes 3:16. <sup>6</sup> 1 Joh. 5:12.

<sup>7</sup> 1 Thessalonicense 4:16.

<sup>8</sup> 1 Thessalonicense 4:17.

<sup>9</sup> 1 Thessalonicense 4:16.

# TEKENS

## VAN DIE TYE

### Oor Hierdie Sakgrootte Tekens

Ons hoop dat u dit geniet het om hierdie Sakgrootte Tekens artikel te lees.

Indien u belangstel om soortgelyke materiaal oor onderwerpe soos verlossing, profesie, bybelse leerstellings, en Christelike lewenstyl te ontvang, of meer oor die Bybel te leer, kontak:

Persoonlike Bedieninge  
Posbus 75700  
Bedford Gardens  
2047

of skakel ons by  
(011) 616-6800

### WAT GEBEUR WANNEER U STERF?

Sakgrootte Tekens